



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 120**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

---

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepenaliseer nie, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel-en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
  - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is korrek = ✓ maar die
  - Rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ×
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = × en die rede/motivering/aanhaling verdien nie 'n punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word die kandidaat NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- Indien die woord nie uitgelig word nie, word die eerste woord nagesien.
- By vrae wat een feit of punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
  - Sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - Indien die feit/(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord (e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL** [Verwerk uit: *Die Burger*, 25 Junie 2011]

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>		<b>PUNT</b>	<b>LU</b>	<b>AS</b>	<b>VLAK</b>
1.1	Haar hande het (skielik) warm gevoel.		1	2	2	1
1.2	1.2.1	Onwaar	1	2	1	1
	1.2.2	voor/buite	1	2	2	2
1.3	<b>D/</b> 'n vervoerwa met geld wou beroof.		1	2	2	2
1.4	Die verslaggewers het vergeet/nie vir haar naam gevra nie./Haar ouers wou nie hê dat haar naam bekendgestel moes word nie./sy was te erg beseer om te praat. (ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANTW.)		1	2	2	2
1.5	Die vakansie het (pas) aangebreek.		1	2	2	1
1.6	Pretty Ndlovu		1	2	2	1
1.7	Hy doen herstelwerk √ en hy bestuur die skoolbussie. √		2	2	2	1
1.8	Daar was (so) baie bloed.		1	2	2	2
1.9	1.9.1	Onwaar	1	2	1	1
	1.9.2	burgerlike drag	1	2	2	2
1.10	Hy het vroeër (die dag) R100 000 (by 'n bank) opgelaai.		1	2	2	2
1.11	Hy kon sy lewe verloor het./Die misdadiger het die sneller twee keer getrek, maar dit het nie afgegaan nie. (ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANT.)		1	2	2	3
1.12	oor-en-weer-skietery/koeëls/skietery		1	2	2	2
1.13	1.13.1	Onwaar	1	2	1	2
	1.13.2	Twee word nog gesoek.	1	2	2	2
1.14	Sy het baie pyn verduur/Die dokters het haar pynstillers gegee.		1	2	2	1

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE		PUNT	LU	AS	VLAK
1.15	Slegs een koeël het in haar hand/liggaam vasgesit.		1	2	2	2
1.16	<p>Moontlike antwoorde vir "JA"</p> <p>(Alle) misdadigers is gevaarlik./Hulle kan polisiemanne/onskuldige mense (dood) skiet/beseer/Die polisiemanne moet hulself verdedig./Misdadigers sal weet dat dit maklik is om te ontsnap (en meer misdade pleeg).</p> <p>Moontlike antwoorde vir "NEE"</p> <p>Die polisieman(ne) weet nie op daardie stadium dat die misdadiger skuldig is nie./Polisiemanne sal misdadigers skiet net omdat dit "wettig" is./Sommige misdadigers pleeg klein "misdaadjies" omdat hulle arm/honger/nie geld het nie. (ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANT.)</p>		1	2	1	3
1.17	1.17.1	Onwaar	1	2	1	1
	1.17.2	stabile toestand	1	2	1	1
<b>TEKS B: ADVERTENSIE</b> [Verwerk uit, <i>Die Burger</i> , 9 April 2012]						
VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE		PUNT	LU	AS	VLAK
1.18	Om aandag te trek. ("attensie" word nie aanvaar nie.)/Om te wys/beklemtoon dat jy iets kan wen./Die leser sal die advertensie wil lees.		1	2	2	2
1.19	Matrikulante/leerders wat in matriek is.		1	2	2	1
1.20	<i>Die Burger</i> OF <i>Jip</i> (Enige 1)		1	2		2
1.21	1.21.1	Onwaar	1	2	1	1
	1.21.2	wenner en metgesel	1	2	1	1
1.22	ontwerpersdrag		1	2	2	2
1.23	Beoordelaars se besluit is finaal.		1	2	2	2
1.24	As hy/sy die kompetisie wen.		1	2	2	3
<b>TOTAAL AFDELING A: 30</b>						

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 4: HOE OM ELEKTRISITEIT TE SPAAR.**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 Augustus 2011]**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien 'n poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat (65 WOORDE) Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is (**maksimum 65 woorde**) en die kandidaat nie het nie die korrekte getal woorde aangedui nie.
- Kandidate word **nie gepenaliseer** as hulle nie die getal woorde aandui nie of as hulle die verkeerde formaat gebruik **nie**.

**PUNTETOEKENNING**

ALGEMEEN	PUNTE
- Feite	7
- Taal	3
- Formaat verkeerd	Minus 0
- Getal woorde nie aangedui/verkeerd	Minus 0

TAAL	PUNTE
1 – 3 feite korrek	1
4 – 5 feite korrek	2
6 – 7 feite korrek	3

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

F	7
T	3
<b>10</b>	

VERWAGTE ANTWOORDE	TEKS
1. Geen feit nie. Net 'n inleidende paragraaf.	1. Met meer as nege miljoen huise wat elektrisiteit verbruik, moet Suid-Afrikaners soveel elektrisiteit as moontlik spaar. Die versigtige verbruik van hierdie waardevolle bron kan baie help om die lading op die elektrisiteit netwerk te verlig. Onthou om die volgende in gedagte te hou as jy elektrisiteit wil bespaar.
2. Stort (gou/baie gou)./Neem 'n stortbad (soggens).	2. Deur 'n stortbad te neem, gebruik jy minder water en sodoende minder elektrisiteit. Jy moet daarom elke oggend baie gou stort. Só help jy ook om die las van die oggend spitsstye te verlig.
3. Kook die regte hoeveelheid water.	3. Deur te veel water te kook, gebruik ons onnodig te veel elektrisiteit. Onthou om net die regte hoeveelheid water vir daardie koffie of tee te kook. As jy onseker oor die hoeveelheid water is, sal dit help om die hoeveelheid water wat jy wil gebruik met 'n koppie te meet.
4. Neem kos uit die vrieskas as jy dit later wil eet./Sit kos van die vrieskas in die yskas as jy dit later wil eet.	4. As jy die aandete uit die vrieskas uithaal en dit in die yskas laat ontdooi, hoef jy dan nie later die mikrogolfoond vir ontvriësing te gebruik nie. As almal in Suid-Afrika dit doen, sal ons definitief 'n groot hoeveelheid elektrisiteit bespaar.
5. Ontprop jou selfoonherlaaiër (onmiddellik) nadat jou selfoon herlaai is.	5. Een van die wêreld se grootste verkwisters van elektrisiteit is die selfoon herlaaiër. Baie gebruikers van selfone weet nie dat die herlaaiër steeds krag trek, al is die selfoon nie ingepron nie. Jy moet jou selfoonherlaaiër ontprop nadat jou selfoon vol herlaai is.
6. Maak gebruik van deksels (wanneer jy kook)./Skakel die stoof af net voordat die kos gekook is./Maak seker die pot se boom die stoofplaat heeltemal bedek.	6. Wanneer jy kook, maak gebruik van deksels en kook slim soos om seker te maak dat jy die stoof afskakel net voor die kos gekook is. Sodoende mors jy nie onnodig elektrisiteit nie. 'n Mens moet seker maak dat die pot of pan se boom die stoofplaat heeltemal bedek. As jy 'n klein pot of pan op 'n groot plaat gebruik dan mors jy elektrisiteit.
7. Kook in 'n mikrogolfoond. (wanneer jy kan.)	7. Het jy geweet dat die mikrogolfoond die mees doeltreffende toerusting is om te kook? Dit gebruik minder elektrisiteit as 'n stoof en jy kan ook baie dinge in 'n mikrogolfoond kook. Kook daarom in 'n mikrogolfoond wanneer jy kan.

8. Skakel verwarmers aan as jy in die kamer is./die kamer wil gebruik.	8. Verwarmers is een van die toerustings wat baie elektrisiteit gebruik. Skakel verwarmers slegs aan in kamers waarin jy gaan wees.
9. Skakel die geiser snags aan/voordat jy gaan slaap en skakel dit soggens af.	9. In elke huis gebruik die geiser meer as vyftig persent van die elektrisiteit. Jy kan saans lekker warm bad selfs wanneer die geiser bedags afgeskakel word. Jy moet daarom onthou om jou geiser aan te skakel voordat jy gaan slaap en weer soggens af te skakel. [Verwerk uit: <i>Huisgenoot</i> , 21 Augustus, 2011]
<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>	
<b>GETAL WOORDE = 60/65 MAKSIMUM</b>	
<b>AANVAAR ENIGE 7 VAN DIE 8 FEITE (PAR. 2 – 9)</b>	

**AFDELING C: TAAL****VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE** [Spotprent uit: *Die Burger*, 29 Julie 2010]

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
3.1	katjie	1	4	1	1
3.2	buurvrou	1	4	1	1
3.3	groter	1	4	2	1
3.4	verjaarsdag	1	4	1	1
3.5	sy	1	4	2	1
3.6	smaaklike	1	4	2	3
3.7	jaarliks	1	4	1	2
3.8	vir	1	4	2	1
3.9	eerste	1	4	1	2
3.10	oë	1	4	1	1
3.11	Mev. (punt moet daar wees)	1	4	1	2
3.12	wolf	1	4	1	1
3.13	heerlik	1	4	1	1
3.14	ongesonde	1	4	1	1
3.15	Hoera!	1	4	1	1
3.16	doodstil	1	4	1	1
3.17	onmiddellik	1	4	1	1
3.18	nege-uur	1	4	1	1
3.19	troeteldiere/huisdiere (Enige 1)	1	4	1	2
3.20	waarop	1	4	1	1
					<b>[20]</b>



**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

[Uit: Google Images]

- Wanneer verlede tyd getoets word, moeg **ge-** as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, met **te** in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.
- Verder tel spelling nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag sê dat die kandidate die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
4.1	(Dit) <b>sal/gaan</b> √ 'n moeilike toets <b>wees.</b> √	2	4	2	1
4.2	(Neelsie) <b>praat</b> met sy vriend. √	1	4	2	2
4.3	(Neelsie en Hansie) <b>het</b> √ met hulle hande in hulle sake <b>geloop.</b> √	2	4	2	2
4.4	Die seun is teleurgesteld omdat hy swak in die toets gevaar <b>het.</b> √	1	4	2	2
4.5	('n Wiskundetoets) <b>is deur</b> √ Neelsie <b>geskryf.</b> √	2	4	2	2
4.6	Hy vra vir die onderwyser <b>om</b> hom <b>te</b> help. √	1	4	2	3
4.7	(Hansie wil) <b>niks</b> vir Neelsie vra <b>nie.</b>	1	4	2	2
4.8	<b>Waar</b> loop Neelsie-hulle? √	1	4	2	1
4.9	Hy behoort sy werk <b>te</b> leer. √	1	4	2	1
4.10	(Pa sê vir Neelsie dat) <b>hy</b> √ harder <b>moet leer.</b> √	2	4	2	2
4.11	(Neelsie werk) elke dag baie hard by die huis. √ Die volgorde moet korrek wees.	1	4	2	3
4.12	(Nee, daar is) <b>niemand</b> √ wat hom wil help <b>nie.</b> √	2	4	2	1
4.13	Elke dag help Pa vir Neelsie. √	1	4	2	2
4.14	Neelsie is doodbly, <b>want</b> hy kry beter punte. √	1	4	2	1
4.15	(Die leerder) <b>moes</b> die volgende toets slaag. √	1	4	2	2
4.16	('n Studiegids) <b>sal deur</b> √ Pa gekoop <b>word.</b> √	2	4	2	2
4.17	(Pa vra vir sy seun of) <b>hy</b> √ goed op skool <b>doen.</b> √	2	4	2	3

**VRAAG 5: REDIGERING**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Oktober 2011]

- Elke taalaspek verdien 'n punt.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
5.1	... die keuse in die winkels <b>was</b> te klein vir haar. ✓	1	4	2	3
5.2	entrepreneur ✓	1	4	2	1
5.3	by ✓	1	4	2	2
5.4	sent ✓	1	4	2	2
5.5	sakekaartjie ✓	1	4	2	2
5.6	hoop ✓	1	4	2	1
5.7	Sy het ook R50 000 by Standard Bank vir haar verdere skoolopleiding ontvang. ✓	1	4	1	1
5.8	hulle/hul ✓	1	4	2	2
5.9	... hulle eie kleinsakebedryf begin, soos wat Helène gedoen het. ✓	1	4	1	1
5.10	weet ✓	1	4	2	2
					<b>[10]</b>

**VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKS**[Uit: *Google Images*]

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
6.1	<b>A</b> /Jou klein bliksem, hoekom is jy altyd vrek lui." ✓	1	4	3	3
6.2	<b>B</b> /Ek is baie jammer, meneer, ek belowe om dit nooit weer te doen nie." ✓	1	4	3	3
6.3	<b>C</b> /stereotipering ✓	1	4	3	3
6.4	<b>D</b> /Neelsie tot baie laat in skool gaan wees. ✓	1	4	3	3
6.5	<b>D</b> /hy smook kwaad is. ✓	1	4	3	3
					<b>[5]</b>
<b>TOTAAL AFDELING C:</b>					<b>60</b>

AFDELING D: LETTERKUNDE						
KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer						
VRAAG 7: DIE OOREENKOMS – Dalene Matthee						
VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE		PUNT	LU	AS	VLAK
7.1	C/eerste		1	2	4	2
7.2	D/ouetehuis		1	2	4	2
7.3	A/soos twee broers		1	2	4	2
7.4	C/meubels uit elkeen se verlede		1	2	4	2
7.5	B/n Ou vrou kan 'n lawwe ding wees.		1	2	4	2
7.6	7.6.1	C/die tyding van Willem se dood gebring.	1	2	4	1
	7.6.2	E/oujongkêrel	1	2	4	2
	7.6.3	A/Jakob se eerste vrou	1	2	4	2
	7.6.4	E/Jakob se tweede vrou	1	2	4	2
	7.6.5	B/Bang vir spoke.	1	2	4	2
7.7	Hulle het whisky/“medisyne” gedrink.		1	2	4	1
7.8	Die een wat die eerste sterf, sal 'n teken vir die ander kom gee om te wys dat daar lewe na die dood is.		1	2	4	3
7.9	Vyf/5 jaar		1	2	4	1
7.10	Een van die oudste inwoners het gesterf/is oorlede.		1	2	4	2
7.11	nege maande		1	2	4	2
7.12	Hy slaap (heelnag) met die ligte aan.		1	2	4	3
	Hy het gebid/die Onse Vader opgesê.		1	2	4	3
7.13	Met kaalhand/met die handdoek se punt/tussen die knieë/met die deken se punt/onder 'n warm kraan/met 'n knipmes. (Enige 2)		2	2	4	1
7.14	Moontlike antwoorde vir “JA”.					
	Want die Bybel sê so./het dit in die kerk geleer./Baie van die religieuse boeke praat daarvan./Mense wat wandade doen, sal nie daarvoor betaal nie as hulle nie op aarde betrap word nie./n Mens moet betaal of vergoed word vir jou lewe op aarde.  Moontlike antwoorde vir “NEE”.					
	As jy sterf, sterf jou siel ook./n Mens kan nie twee keer leef nie./Niemand het bewys dat daar lewe na die dood is nie. (ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANT.)		1	2	4	3
<b>[20]</b>						

**VRAAG 8: DIE RAMP – T.T. Cloete**

<b>VRAAG 8: DIE RAMP – T.T. Cloete</b>						
<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>		<b>PUNT</b>	<b>LU</b>	<b>AS</b>	<b>VLAK</b>
8.1	’n Bloeiende maagseer.		1	2	4	1
8.2	Die rit per motor sou te vermoeiend wees.		1	2	4	1
8.3	Om sy vrou betyds by die lughawe op te laai.		1	2	4	2
8.4	Hy het sy oudste seun gevra om saam met hom te kom staan √ en om hulp te smeek. √		2	2	4	3
8.5	’n Geel mini-stasiewaentjie.		1	2	4	1
8.6	Hy het aspirine (vir sy siek dogtertjie) gehad √ en hy die sleepmotor (van Humansdorp) gaan haal. √		2	2	4	2
8.7	Hy kon sy nommerplaat gelees/neer geskryf het.		1	2	4	3
8.8	<p>Moontlike antwoorde vir “<b>JA</b>”</p> <p>Hy was verantwoordelik vir die breek van die weldoener se bril./Die weldoener kon nie goed sien nie, want hy het die bril gebreek./Omdat die weldoener nie goed kon sien nie, het die ongeluk plaasgevind.</p> <p>Moontlike antwoorde vir “<b>NEE</b>”</p> <p>Die weldoener moes stilgehou het as hy nie goed kon sien nie./Dit was die slegte weer wat die ongeluk veroorsaak het./’n Mens kan nie rêrig sê wat die ongeluk veroorsaak het nie.</p> <p>(ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANT.)</p>		1	2	4	3
8.9	8.9.1	instrumentebord	1	2	4	1
	8.9.2	enjin	1	2	4	1
	8.9.3	bokkie	1	2	4	1
	8.9.4	verkoeler	1	2	4	1
	8.9.5	waaier	1	2	4	1
8.10	8.10.1	<b>B</b> /Swellendam	1	2	4	2
	8.10.2	<b>D</b> /Houtbaai	1	2	4	2
	8.10.3	<b>E</b> /Port Elizabeth	1	2	4	2
	8.10.4	<b>A</b> /Humansdorp	1	2	4	2
	8.10.5	<b>C</b> /Van Stadenspas	1	2	4	2
			<b>[20]</b>			
	<b>TOTAAL AFDELING D:</b>					<b>20</b>
	<b>GROOTTOTAAL:</b>					<b>120</b>